LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

24-04-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 14 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **WOENSDAG, 26 APRIL 2017:**
Die skool verdaag Woensdag, op Vrydag se tye, dus 13:00 en 13:15.

2 **E-PLATFORM REGISTRASIE VIR 2018:**
Die Graad R ouers wat maatjies vir 2018 inskryf vir Graad 1, moet asb alle nodige dokumentasie (VOLLEDIG VOLTOOI) reghou vir Dinsdag, 2 Mei om 08:00, wanneer die e-platform registrasie open. Hulp is beskikbaar by die skool vanaf 08:00 - 19:00.

3 **SENOR CHEF:**
Die bestellings word vandag aan die leerders uitgedeel. Ouers is welkom om dit by die skool te kom afhaal.

4 **WILDSFEES:**
Vanjaar se Wildsfees vind plaas op Saterdag, 3 Junie 2017 te Laer Volkskool se rugbyveld. Koste beloop R250 per volwassene en Hoërskool leerders en R125 per laerskoolkind. Hou die spasie dop vir die jagpakkette.

5 **NETBAL**:
- Oefening vir die netbal spelers is normaal vir Maandag en Dinsdag.
- **LIGA-WEDSTRYDE**:

2 Mei	Vryheidsmonument	Tuis
4 Mei	DF Malherbe	Weg
9 Mei	Loslootjie	-
11 Mei	Kollegepark	Tuis
16 Mei	Emfulenipark	Tuis
18 Mei	Midvaal	Weg
23 Mei	Risiville	Weg

6 **MINI-NETBAL:**

WEDSTRYDDATUMS:

Dogtertjies speel in Netbaldrag wat te koop is by Volkie Vere. Koste wissel tussen R180 en R230 (afhangend van die grootte).

Saterdag, 6 Mei	Republiek
Saterdag, 13 Mei	Voorwaarts
Saterdag, 20 Mei	Risiville

7 **RUGBY:**

- Baie dankie aan al die pa's en seuns wat van Saterdag 'n groot sukses gemaak het.
- Baie sterkte aan die 0/12 en 0/13 seuns wat nog deelneem aan die rugby proewe.
- **LIGADATUMS**:

9 Mei	Kollegepark	Weg
11 Mei	Risiville	Weg
16 Mei	Vaalpark	Weg
18 Mei	Midvaal	Weg
23 Mei	Vryheidsmonument	Tuis
1 Junie	Emfulenipark	Tuis
8 Junie	Fonteine	Tuis

8 **TOUTREK**:

Geen oefening nie.

9 **SKAAK**:

- Baie geluk aan al die skaakspelers wat die afgelope naweek so pragtig presteer het! Ons is baie trots op julle. Die 0/9A en 0/11A was eerste, die 0/9B en 0/11B was tweede en die 0/13 span was derde.
- Die D7 Individuele kampioenskappe is op 20 Mei 2017 te Laer Volkskool.
- Al die ligaspelers se oefening vind nou plaas by Heidelberg Skaakklub.
- Die spelers wat nog nie by die Skaakklub ingeskakel het nie, is welkom om briewe by Juf Ronelle Terblanche te kom afhaal.

10 **STUDIEMETODE KLASSE:**

Die studiemetode klasse word weer hierdie kwartaal aangebied vir GRAAD 4. Elke klas is belangrik, aangesien klasse soos 'n kursus opmekaar volg. Dieselfde studiemetodes word weer aangebied soos 1ste kwartaal, net met die nuwe leerstof. Jy benodig asb weer: "Highlighters", kleurpenne, opsommingsboek/papier.

Datums is as volg: Woensdae, 17 Mei; 24 Mei; 31 Mei vanaf 16:00 - 17:00.

11 **BYBELVASVRAE:**

Die 1ste rondte bybelvasvrae is op 17 Mei 2017 te Midvaal.

12 **KOOR**:

Die Seniorkoor se program vir die 2de kwartaal:

Oefentye vind plaas soos volg:

Woensdag, 3 Mei 14:00 - 15:45	Vrydag, 5 Mei 14:00 - 20:00
Woensdag, 10 Mei 14:00 - 15:15	Vrydag, 19 Mei - Middag optrede by AG Visser
Woensdag, 17 Mei 14:00 - 15:45	
Woensdag, 24 Mei 14:00 - 15:45	
Woensdag, 31 Mei - gewone tyd	

Woensdag, 7 Junie - gewone tyd	
Woensdag, 14 Junie - GEEN OEF	
Woensdag, 21 Junie - GEEN OEF	
Woensdag, 28 Junie - gewone tyd	

Die Juniorkoor:

Maandae - 14:00 - 14:50	Vrydag, 19 Mei - Middag optrede by AG Visser

13 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:**

....vind plaas vir Groep 1 (Afdeling A en B) vanaf 1-9 Junie.

- Afdeling A behels Afr en Eng voorgeskrewe gedigte.
- Afdeling B is Redenaars/Spreekkuns.
- Let asb op dat inskrywings en gelde hierdie jaar NIE deur die skool self hanteer word NIE. Slegs uitslae na afhandeling van 'n item moet MET BEWYSE getoon wrod aan betrokke verantwoordelike onderwyser.
  ** Graad R - 3 - Juf Lizelle Botha
  ** Graad 4 - 7 - Juf Helanie Willemse
- Inskrywings en sluitingsdatum:
  Inskrywingsvorms, gedigte en redenaarstemas is beskikbaar by Juf Lizelle en Jul Helanie. 'n Volledig-voltooide inskrywingsvorm word ingehandig by die voorste kantoor met korrekte gelde aangeheg. Kleingeld is nie beskikbaar by die kantoor nie. Let asb. daarop dat die afdeling en itemnommer aangedui word op die gedig/redenaarstema-vorm.
- Sluitingsdatum van inskrywings: 2 Mei (Geen laat inskrywings word aanvaar nie)
- Koste: R35 per item

14 **SPREEKKOOR: GR 1-2:**

Oefening vir die spreekkoor vind weer plaas op 8 Mei 2017 in Juf Monica se klas vanaf 13:00 tot 13:45. Almal moet asb teenwoordig wees.

15 **ATKV REDENAARS: EERSTE UITDUNRONDTE:**

Die eerste uitdunrondte van die ATKV is op Donderdag, 4 Mei 2017 by Hoërskool Transvalia. Leerders wat gaan deelneem moet asb reeds 13:00 daar wees.
Baie sterkte aan die leerders wat gaan deelneem.

16 **KLEUTERATLETIEKDAG:**

Baie dankie vir al ons Graad RR en R ouers van Klein Volkieland vir julle bydrae om 2017 se kleuteratletiek 'n reuse sukses te kon maak. Dankie vir ons OOV Voorsitter en Graad 1 Mammas vir julle hulp met die kosverkope. Ons waardeer julle baie!

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF